

**Sleutelwoorde**

kontrasterend: verskillend van mekaar

binêre vorm: die musiek bestaan uit twee dele, 'n A-deel en 'n B-deel. Die twee dele is kontrasterend en volg op mekaar.

ternêre vorm: die musiek bestaan uit drie dele, 'n A- en B-deel, en 'n herhaling van die A-deel

**Notas**

Doen tongknopers vir artikulasie. Die doel van tongknopers is om hierdie frases te lewer sonder om ekstra spanning op die tong, lippe, kakebeen of keel te plaas. Hulle moet al hierdie oefeninge met 'n goeie postuur en volle asemhalingsondersteuning doen. Herhaal hierdie tongknopers stadig aan die begin en bou geleidelik spoed op:

Wie Weet Waar Willie
Wouter Woon?

Sannie Sê Sannie Sal
Sewe Sakke Sout sleep!

Die Duiwel Druk Die
Domme Donkie Dwarsteur
Die Driedubbele
Doringdraad.

Rooi-ribbok-ram.

My liewe neef Louw, my
neus jeuk nou. Jeuk my
liewe neef Louw se neus
ook nou?

Tante Tattie trou tien teen
een teen die tiende.

Vier vreeslike vinnige vlieg-
tuie val flenters.

Eenheid 9 Kort musiekstukke

Binêre vorm (AB) en ternêre vorm (ABA)

Wanneer komponiste musiek skryf, probeer hulle 'n kunswerk skep soos 'n kunstenaar op 'n skilderdoek. Hulle gebruik die basiese musieksimbole soos dié waarvan jy in Graad 4 en 5 geleer het. Dit sluit die notebalk en musieknotasie waarmee musiek geskryf word in. Hulle voeg ook Italiaanse woorde by om aan te dui hoe die musiek gespeel moet word om die regte stemming te skep.

Dit is ook belangrik hoe die dele van die musiekstuk aan mekaar gevoeg word. Daar is twee basiese idees of melodieë in 'n musiekstuk. Hierdie twee melodieë is **kontrasterend**. Die eerste melodie kan stadig en vloeiend, en die tweede vinnig en opgewek wees. Hierdie kontras vorm 'n interessante stuk om na te luister.

Indien die stuk slegs twee kontrasterende dele het, word dit **binêre vorm** of AB genoem. Dit is belangrik om kontras in musiek te hê, anders sal die musiek vervelig wees. Dit is soos kuns. As die hele kunswerk net een of twee kleure het, kan dit vervelig wees, maar kontrasterende kleure skep opwinding. 'n Komponis kan ook besluit om twee kontrasterende dele te gebruik, maar om die eerste melodie van 'n stuk aan die einde te herhaal. Dit word **ternêre vorm** of ABA genoem.

Aktiwiteit 9.1 Improviseer en skep 'n kort musiekstuk

25 minute

Jou onderwyser sal jou in stemoefeninge begelei om op te warm en af te koel.

1. Jou onderwyser sal leiding gee in 'n binêre dans. Julle sal in twee groepe werk.
2. Luister na die musiek wat jou onderwyser vir julle sal speel.
3. Groep 1 improviseer 'n begeleiding vir die A-deel van die musiek met glasbottels en slanners.
4. Groep 2 improviseer 'n begeleiding vir die B-deel van die musiek met koffiebliktromme.
5.
 - a) Beskryf binêre vorm in jou eie woorde.
 - b) Beskryf ternêre vorm in jou eie woorde.
 - c) Hoekom, dink jy, is kontras belangrik in musiek?